








ng | kenridge

Jesus ruik na mirre en stof

Groepsgids vir Lydenstyd 2021.



Jesus ruik na mirre en stof

Reuk vorm deel van die mens se sintuiglike geheue. Die reuk van beskuit wat bak herinner ons dalk aan ma of ouma se kombuis, die aroma van vars gemaalde koffie weer aan 'n gunsteling koffiewinkel. Mens onthou ongelukkig ook die reuk van hartseer of onaangename gebeurtenisse, soos dié van nat grond langs 'n geliefde se graf, of die verstikkende rookdampe nadat 'n huis, of erger, 'n plaas afgebrand het. Reuke roep dus dadelik herinneringe op.

In hierdie lydenstyd gaan ons Jesus probeer assosieer met reuke wat waarskynlik naby of aan hom was op sy reis na Jerusalem om gekruisig te word. Soms sou dit die aangename reuke van kos en wyn kon wees. Ander kere kon dit die onaangename reuke van die woedende soldate en skare wees of die doodsreuk van die bloeiende mans wat saam met hom gekruisig was.

Deur van hierdie reuke saam te ervaar, saam te luister, te lees en daaroor te gesels, sal ons ontdek wie Jesus was en nogsteeds is en wie Hy ons nooi om vandag te wees.

Hierdie reeks is gegrond op Pierre du Plessis se boek "Jesus ruik na Mirre en Stof". Alhoewel dit nie noodsaaklik is om die boek vooraf te lees om die reeks te kan volg nie, word dit aanbeveel. Dit is 'n goeie boek om te lees, skaf dit gerus aan. Dit is beskikbaar by alle boekwinkels, of aanlyn.

Mag die Here, deur hierdie reeks ons elkeen opnuut
aan sy liefde, vergifnis en genade herinner.

Belangrike beginsels vir die reeks:

Saam reis: Alhoewel die reeks vir groepdeelname ontwerp is, kan jy dit op jou eie volg. Ons wil jou graag aanmoedig om die volgende 40 dae by 'n groep aan te sluit om sodoende die reeks ten volle te kan beleef. Kontak gerus die kerkkantoor in hierdie verband.

Saam eet: Gesamentlike etes was 'n groot deel van Jesus se bediening. Almal was welkom aan Jesus se tafel. Deur saam te eet, bou en vier ons die gemeenskap van die gelowiges. Elke maaltyd herinner ons aan Jesus. Sy liggaam is gebreek en sy bloed het gevloei ter wille van die vergifnis van ons sonde. Doen moeite om as groep saam te eet.

Saam onthou: 'n Herinneringsteken, wat daarop gemik is om jou te help om die week se kerngedagte te onthou, word elke week verskaf. Plak dit elke maal op 'n plek waar jy dit gereeld sien, bv. die yskas of die badkamer se spieël.

Saam groei: Lydenstyd is 'n tyd van selfondersoek en refleksie. Ons gaan spesifiek fokus op die feit dat die Gees, deur die Woord, ons soms ongemaklik kan maak en ontwrig. Moenie wegstroom daarvan nie. Daardeur groei ons saam as geloofsgemeenskap. Ons sien almal uit na Opstandingsondag!

Saam leef: Elke reuk inspireer en beweeg ons om anders te lewe. Doen moeite om elke week se "wandel" gedeelte aan te pak.

Inhoudsopgawe:

Week 1: Jesus ruik na vis - Johannes 21:1-19

Week 2: Jesus ruik na stof en sweet - Lukas 10:1-16

Week 3: Jesus ruik na kos en wyn - Johannes 2:1-12

Week 4: Jesus ruik na parfuum - Markus 14: 3-9


Week 5: Jesus ruik na bloed - Johannes 19:1-16

Week 6: Jesus ruik na dood - Johannes 19: 38-42

Jesus ruik na vis

Vooraf: Maak seker dat julle groep vis byderhand het – julle kan saam vis braai of in die oond bak.

Of bestel sushi, maak vir die kinders visvingers en eet lekker saam.



Die vis-simbool, of ichthus simbool was die geheime kenteken van die vroeë dissipels. Hulle het groot vervolging en swaarkry beleef. Die ichthus simbool was 'n manier om mekaar uit te ken sodat hulle mekaar kon ondersteun. Die simbool bestaan uit 2 boë wat mekaar kruis en 'n vis vorm.

Ruik

- Terwyl julle saam eet, laat elkeen die volgende sin voltooi: "die reuk van vis laat my dink aan...."
- Gee ruim tyd sodat elkeen sy/haar herinnering of storie kan vertel.

Luister

- Lees Johannes 21: 1-19 saam.

Kyk

- Kyk na die eerste gesprek met Pierre du Plessis oor sy verstaan van Jesus wat na vis geruik het.


Luister dieper

Begin:

- Wat het vir jou uitgestaan in die teksgedeelte en/of die video?

Gesels verder:

- "Jesus het so naby aan mense gekom, dat Hy na hulle begin ruik het". Dink jy die vis-reuk wat aan Jesus vasgeklou het, was 'n aangename reuk? Hoekom/hoekom nie?
- Is dit vir jou verrassend dat Jesus vis gebraai het toe die dissipels Hom raakgesien het? Hoekom, dink jy, het Jesus vis gebraai?
- "Jesus het in 'n korrupte stelsel geleef en bedien". Laat hierdie aanhaling uit die video jou anders dink oor Jesus? Vertel mekaar daarvan.



WEEK 1

- Johannes plaas hierdie gedeelte aan die einde van die evangelie, wat ook die "evangelie van liefde" genoem word. Wat dink jy wou Johannes bereik deur 'n storie van vergifnis, genesing en herstel as die "laaste sê" in hierdie evangelie te plaas?
- Die ICHTUS-vis was een van Christene se eerste simbole. Dit simboliseer die hemel (Jesus se goddelikheid) en die aarde (Jesus se aardseheid) wat oorvleuel. Hoe sien jy dit uitspeel in die teksgedeelte?

Deel:

- Jesus het na vis geruik omdat hy gereeld in vissermanne se geselskap was. Watter reuk sal jy assosieer met die mense saam met wie jy die meeste tyd spandeer?
- Deur Jesus se vis-reuk, inspireer die Here ons om na mense toe te beweeg wat nodig het om van Jesus te hoor of wat sy genesing en vertroosting nodig het. Weet jy van sulke mense in jou direkte omgewing?

Wandel

Wandel self:

- Teken vir die volgende week 'n vis op jou hand en neem 'n skermgreep van hierdie week se icon en verstel dit as jou selfoon se agtergrond. Bid tot die Here om jou oë en hart te open vir die wyses waarop Hy, soos aan Petrus, sy vergifnis en genesing al aan jou bewys het.

Wandel saam:

- Identifiseer as 'n groep, een persoon/gesin in julle nabye omgewing wat deur 'n moeilike tyd gaan. Dit kan selfs iemand in julle groep wees. Besluit hoe julle die persoon/gesin in die volgende week gaan bystaan.

Bid

- Deel julle gebedsversoeke met mekaar. Bid vir mekaar. Julle kan ook die volgende gebed saambid:


Here, red ons van onself.
Ons doen gereeld dieselfde dinge oor en oor,
maar verwag elke keer 'n ander uitkoms.

Here, red ons daarvan om té besig te wees.
Ons gaan elke dag uit om vis te vang
maar sien nie raak dat U alreeds
met 'n maaltyd op die strand wag nie.

Here, red ons daarvan om té min te doen
Ons sê ons is lief vir U.
En tog versuim ons gereeld om U skape op te pas .

Here, red ons van onself.
Help ons om te luister en te reageer wanneer U sê:
Volg My!

Amen



Jesus ruik na stof en sweet

Vooraf: Indien jy hierdie week oefen, hou jou oefenklere 'n ekstra uur na die tyd aan. Let op hoe die reuk van sweet jou laat voel. Indien jy nie oefen nie, maar dalk wasgoed was, let op na die reuk van die vuil wasgoed.

Onthou om te reël wat julle gaan eet wanneer julle die week bymekaarkom.

Ruik

- Terwyl julle saam eet, gesels oor die ervaring met die oefenklere of vuil wasgoed. Laat elkeen gerus die volgende sin voltooi: "die reuk van stof of sweet laat my dink aan...."
- Gee ruim tyd sodat elkeen sy/haar herinnering of storie kan vertel.

Luister

- Lees Lukas 10:1-16

Kyk

- Kyk na die tweede gesprek met Pierre du Plessis oor sy verstaan van Jesus wat na stof en sweet geruik het.


Luister dieper

Begin:

- Wat het vir jou uitgestaan uit die teksgedeelte en/of die video?

Gesels verder:

- "*Jesus ruik na rose*" Wat vertel hierdie aanhaling vir ons oor die beeld wat ons soms van Jesus het?
- "*Ons glo in 'n bewegende God, Hy stuur sy Seun, Jesus stuur sy Gees, die Gees stuur ons...*" God neem die inisiatief en beweeg na mense toe. Watter ander voorbeelde kry ons hiervan in die Bybel?
- In Lukas 10 lees ons van Jesus wat die 72 mense uitstuur, om namens Hom, aanvoorwerk te doen vir sy besoeke wat nog voorlê. Plaas jouself in die skoene van een van die 72 mense. Wat dink jy was hulle gemoedstoestand nadat hulle gehoor het dat:
 - a) dit harde werk gaan wees (vers 2),
 - b) dit gevaarlik gaan wees (vers 3),
 - c) hulle niks saam kan vat vir hul eie geroef nie (vers 4 en 8)
 - d) hulle heel waarskynlik verwerp gaan word (vers 6,10,11) ?
- Ons lees dat die 72 mense God se vrede saam met hulle gehad het, wat hulle moes deel waar hulle ookal gekom het. En wanneer die vrede nie aanvaar is nie, het dit nie minder geword nie, maar na hulle toe teruggekom.



- Vrede word nie hier bedoel as 'n "kalm, rustige gevoel" nie Dit was die gevolg van die teenwoordigheid van God. Die mense self kon dus die teenwoordigheid van die Here wegwys. Ons lees wel in vers 12 dat dit nie aan te beveel is nie. Wat dink jy is die gevolge as 'n mens die teenwoordigheid van ons God, wat nader aan ons beweeg, wegwys?

Deel:

- *"Stof en sweet het daarmee te doen dat God heeltyd beweeg...God wandel...God se troon het wiele...twee derdes van die woord "God" bestaan uit "Go". Was daar al tye wat dit vir jou voorgekom het of God stilstaan en nie meer beweeg nie? Vertel mekaar daarvan.*
- *"Ons geloof kan staties wees, sonder beweging" Hoe dink jy lyk 'n statiese geloof? Hoe verskil dit van 'n bewegende geloof? Hoe kom 'n statiese geloof weer tot beweging?*
- *"Hy nooi ons – ons gaan!" Het jy al ooit beleef dat die Here jou roep en stuur? Vertel van jou ervaring.*
- *"Soos jy gaan, preek" Dit gebeur min, indien ooit, dat ons 'n uitgewerkte reisplan van die Here kry oor waarheen Hy met ons op pad is. Hoe beïnvloed hierdie onvoorspelbaarheid van die reis, jou geloof in Christus?*

Wandel

Wandel self:


- Neem 'n skermgreep van hierdie week se icon en verstel dit as jou selfoon se agtergrond. Elke keer wat jy daarna kyk, sê vir jouself "Ek het vrede, want die Here is naby."
- Sou jy sê jy het 'n statiese of bewegende geloof? Vra vir die Here om jou te wys wat die volgende treë op jou geloofspad sal wees.

Wandel saam:

- Beplan 'n staptog saam as 'n groep. Dit kan kort wees, bv. om die dam, of 'n langer roete, soos 'n dag/naweek-staproete.
- Is daar 'n situasie in jou lewe wat die Here se vrede en teenwoordigheid benodig? Vertel mekaar daarvan. Onderneem om vir mekaar te bid.

Bid

- Laat een persoon julle gebedsversoeke neerskryf en WhatsApp dit dan vir die groep.
- Om af te sluit, bid as 'n groep saam.
- Wanneer julle mekaar groet, seën mekaar met die woorde: "Vrede vir jou, die Here is naby."



Jesus ruik na kos en wyn

Vooraf: Wanneer julle bymekaar kom, dek 'n etenstafel. Maak vooraf 'n lekker maklike gereg bv. lasagne, en sorg dat daar goeie wyn/druiwesap beskikbaar is. Dek een ekstra plek as die getal mense wat daar gaan wees.

Ruik

- Terwyl julle saam eet, laat elkeen die volgende sin voltooi: "die reuk van die kos of wyn laat my dink aan...."
- Gee ruim tyd sodat elkeen sy/haar herinnering of storie kan vertel.

Luister

- Lees Johannes 2:1-12

Kyk

- Kyk na die derde gesprek met Pierre du Plessis oor sy verstaan van Jesus wat soos kos en wyn geruik het.


Luister dieper

Begin:

- Wat het vir jou uitgestaan in die teksgedeelte en/of die video?

Gesels verder:

- Jesus se heel eerste wonderwerk vind by 'n partytjie plaas, 'n bruilofsfees. Dink jy dit was per ongeluk so, of vertel dit vir ons iets van Jesus se karakter?
- Johannes 2:1 begin met "Op die derde dag..." Vers 11 eindig met "Hierdie eerste wonderteken het Jesus in Kana in Galilea gedoen. Hy het daardeur sy heerlijkheid laat blyk, en sy dissipels het tot geloof in Hom gekom." Wat dink jy is die ooreenkomste tussen hierdie wonderwerk en Christus se opstanding?
- "*Jesus is uitgehaal vir 'n vraat en 'n wynsuiper*". Dit is 'n ongemaklike beeld van Jesus, dit pas nie vir ons by Jesus wat ook God is nie. Hoekom dink jy maak hierdie beeld van Jesus ons ongemaklik?
- Die klipkruike waarin Jesus die water in wyn verander het, was eintlik gebruik vir die Joodse reinigingsrituele. Min mense kon hierdie rituele onderhou en was daarom deur die Joodse godsdienstige leiers as onrein beskou. Onrein mense kon nie die tempel binnekom en God aanbid nie. Daardeur is mense uitgesluit en buite gehou. Wat beteken dit dat Jesus juis hierdie kruike gebruik het om sy eerste wonderteken te doen?



Deel:

- *"Kos is deel van die kerk."* Is dit waar van ons gemeente? Verduidelik jou antwoord.
- *"Die hemel is 'n lang tafel vol kos en wyn en vriende wat kuier..."* Kyk na die ekstra plek wat gedek is aan julle tafel. Wie sal jy graag wil nooi om te kom aansit? Hoekom?
- *"Daar is nie 'n ons en hulle nie, net 'n ons."* Stem jy saam met hierdie stelling? Hoekom/hoekom nie?

Wandel

Wandel self:

- Neem 'n skermgreep van hierdie week se icon en verstel dit as jou selfoon se agtergrond.
- Vra die Here om jou hierdie week bewus te maak van die maniere waarop jy mense uitsluit.

Wandel saam:

- Gesels oor twee praktiese maniere waardeur julle kan verseker dat mense ingesluit voel wanneer hulle in julle teenwoordigheid is.

Bid

- Laat een persoon julle gebedsversoeke neerskryf en WhatsApp dit dan vir die groep
- Bid vir mekaar.
- Stel julle eie gebed op wat almal hierdie week kan bid voordat hulle eet. Byvoorbeeld: "Here, dankie vir die kos. Mag almal om ons versadig word, genees word, liefgehê word. Gebruik ons daarvoor. Amen"



Jesus ruik na parfuum

Vooraf: Spuit die vertrek waar julle bymekaar gaan kom, met lugverfrisser, 'n spuitjie parfuum of brand 'n wierookstokkie sodat daar 'n aangename reuk in die vertrek hang. Dit mag dalk julle neuse vir 'n oomblik irriteer.

Maak 'n maklike ete, bv. hot dogs of bestel pizza.

Ruik

- Terwyl julle saam eet, laat elkeen die volgende sin voltooi: "die reuk van die parfuum laat my dink aan..."
- Gee ruim tyd sodat elkeen sy/haar herinnering of storie kan vertel.

Luister

- Lees Markus 14:3-9

Kyk

- Kyk na die vierde gesprek met Pierre du Plessis oor sy verstaan van Jesus wat na parfuum geruik het.


Luister dieper

Begin:

- Wat het vir jou uitgestaan in die teksgedeelte en/of die video?

Gesels verder:

- Hoekom dink jy kom die storie van die vrou wat Jesus met duur parfuum-olie gesalf het, in al die evangelies voor?
- Ons kry hierdie storie in 'n groter konteks van die storms wat om Jesus broei. Ons weet verraad, geweld en sy dood lê om die draai. Hoekom dink jy het die vrou Hom gesalf met die dure parfuum-olie?
- In Markus se weergawe van die gebeure, is "party mense" baie omgekrap oor dit wat die vrou gedoen het (vers 4). Van die ander evangelies noem Judas hier by name. Hoekom was party mense (of dan Judas) so afgunstig teenoor die vrou en haar salwing van Jesus?
- Wat sê Jesus se reaksie in vers 6 en 7 vir jou van sy karakter?
- Die vrou bly naamloos. Hoekom dink jy is dit so?



Deel:

- *"Met hierdie verhaal begin ons oë oopgaan vir Jesus se goddelikheid, en sy roeping om te sterf. Hier begin ons sien dat Jesus nie net aards is nie, maar ook hemels."* Hoe help hierdie verhaal, en ook die beeld van Jesus wat na parfuom ruik, jou om Jesus as mens, maar ook as God te beskou?
- *"Oral waar my storie vertel word, moet haar storie ook vertel word."* Vertel van 'n keer toe iemand vriendelikheid en genade aan jou bewys het, in plaas van oordeel of geweld wat jy verwag het.
- *"Die storie beweeg ons om te ervaar dat die heilige God naby is, beskikbaar is...die heiligheid van God deurweek die aarde."* Vertel van sulke "heilige oomblikke" wat jy al beleef het. Is daar 'n spesifieke reuk wat jou aan hierdie oomblikke herinner?

Wandel

Wandel self:


- Neem 'n skermgreep van hierdie week se icon en verstel dit as jou selfoon se agtergrond. Spuit sommer ook 'n spuit van jou gunsteling parfuom of lugverfrisser. Elke keer as jy die agtergrond sien of die parfuom ruik, herinner jouself daaraan dat God by jou is.
- Vra vir die Here om hierdie week jou oë oop te maak vir heilige oomblikke waar sy teenwoordigheid die aarde vul.

Wandel saam:

- Is daar situasies in jou lewe wat vriendelikheid, barmhartigheid of genade nodig het? Hoe kan jy dieselfde dinge aan ander mense bewys? Vertel mekaar daarvan.

Bid

- Laat een persoon julle gebedsversoeke neerskryf en WhatsApp dit dan vir die groep.
- Bid vir mekaar.
- Wanneer julle uitmekaar gaan, seën mekaar met die woorde: "Mag jou menswees die week soos parfuom wees wat Jesus se geur van genade versprei."



Jesus ruik na bloed

Vooraf: Reël dat julle as 'n groep saam 'n maalvleisgereg maak om tydens julle byeenkoms te eet. Laat almal aan die rou maalvleis ruik voordat julle dit gaarmaak.

Ruik

- Terwyl julle saam eet, laat elkeen die volgende sin voltooi: "die reuk van die rou vleis laat my dink aan...."
- Gee ruim tyd sodat elkeen sy/haar herinnering of storie kan vertel.

Luister

- Lees Johannes 19:1-16

Kyk

- Kyk na die vyfde gesprek met Pierre du Plessis oor sy verstaan van Jesus wat na bloed geruik het.


Luister dieper

Begin:

- Wat het vir jou uitgestaan in die teksgedeelte en/of die video?

Gesels verder:

- Hoekom dink jy speel bloed so groot rol regdeur die Bybel?
- Watter ander teksgedeeltes/Bybelverhale kan jy onthou waar bloed ter sprake is?
- "*Jesus se bloed was nodig om die dood te stop.*" Beteken dit dat God 'n bloeddorstige God is?
- Wat is jou indruk van Pontius Pilatus nadat jy die skrifgedeelte gelees het? As hy nie die Jode se aanklagte teen Jesus geglo het nie, hoekom dink jy het hy nogtans vir Jesus laat kruisig?
- Hoe lyk die beeld wat jy van Jesus kry uit hierdie teksgedeelte? Hoekom dink jy het Hy nie eerder sy mag bewys deur 'n plan te beraam om sy marteling en kruisiging vry te spring nie?
- Die Johannes-evangelie en spesifiek hierdie teksgedeelte, is geskryf vir die "binnekring" van gelowiges, die mense wat Jesus reeds geken het. As mens die teksgedeelte lees, sonder om te weet wie Jesus was, mag Hy voorkom as 'n magtelose, hulpelose man vir wie dinge nie goed geëindig het nie. Wanneer ons as volgers van Jesus die teks lees, sien ons tydens die gesprek met Pilatus dat Jesus die eintlike een met al die mag was. Kyk weer na die teksgedeelte, en wys vir mekaar die dele waar Jesus as magteloos voorkom, maar eintlik magtig was.
- "*Sacri*" = heilig, "*fice*" = om te maak". Hoe het Jesus se bloed wat gevloei het, ons heilig gemaak?
- Waarom is Jesus se bloed wat gevloei het vandag nog steeds noodsaaklik is vir ons?



Deel:

- "Ons almal verstaan wat dit beteken om opofferings te maak, hopelik sodat iets beters kan gebeur." Vertel mekaar van opofferings wat jy al in die lewe moes maak, sodat iets beter kon gebeur.
- Die nagmaal is 'n maaltyd ter herinnering aan Jesus se offer. Vertel mekaar van 'n betekenisvolle nagmaal-geleentheid wat jy al ervaar het. Hoe het dit jou gehelp om Christus se offer te onthou?
- "Ons is die Liggaam van Christus, wat geroep word om ook gebreek te word". Wat, sal jy sê, is die eienskappe van gebreek-wees?
- "Die sterf-taal bly deel van Jesus se woordeskat". Hoe beweeg die Gees ons om aan onself te sterf, te breek, sodat iets beters kan gebeur? Watter opofferings moet ons maak sodat dit kan gebeur?

Wandel

Wandel self:

- Neem 'n skermgreep van hierdie week se icon en verstel dit as jou selfoon se agtergrond.
- Bid tot die Here om hierdie week vir jou te wys hoe Hy jou wil laat sterf, laat breek, sodat iets beters kan kom.

Wandel saam:


- Deel mekaar se ervarings met die vorige week se herinnerings-icon. Hoe het dit jou gehelp om die week se tema te onthou?
- Om gebreek te word, aan jouself te sterf, is dikwels 'n baie persoonlike (en pynlike) proses. Wees vrymoedig en deel met mekaar (soos jy daarvoor kans sien) hoe jy ervaar dat die Here wil hê jy moet breek en aan jouself sterf.
- Hoe kan julle as groep mekaar ondersteun in hierdie tyd?

Bid

- Laat een persoon julle gebedsversoeke neerskryf en WhatsApp dit dan vir die groep.
- Bid vir mekaar.
- Jy kan ook die asemhalings-gebed deur die week gebruik. Nie net is dit 'n gebed nie, maar dit help mens ook om te ontspan tydens spanningsvolle tye en net voor jy gaan slaap:

Terwyl jy inasem, bid: Christus Here, U het gebreek en gebloei.

Terwyl jy uitasem, bid: Breek my Here, elke dag, tot U eer.



Jesus ruik na dood

Vooraf: Probeer om mirre in die hande te kry, of pluk 'n stuk aalwyn en hê dit beskikbaar vir almal om aan te ruik.

Reël dat julle vir oulaas saam eet.

Ruik

- Terwyl julle saam eet, laat elkeen die volgende sin voltooi: "Ek dink die dood ruik soos...."
- Gee ruim tyd sodat elkeen sy/haar herinnering of storie kan vertel.

Luister

- Lees Johannes 19:38-42

Kyk

- Kyk na die laaste gesprek met Pierre du Plessis oor sy verstaan van Jesus wat na dood geruik het.


Luister dieper

Begin:

- Wat het vir jou uitgestaan in die teksgedeelte en/of die video?

Gesels verder:

- "*Jesus se dood ruik na niks*". Wat dink jy word met hierdie stelling bedoel?
- "*God was dood, die dissipels het hulleself gaan toesluit*". Plaas jouself in die dissipels se situasie. Wat sou deur jou gedagtes gegaan het toe jy gesien het Jesus het sy laaste asem uitgeblaas ?
- "*Stil-Saterdag is 'n dag van verlies, rou, amper soos die dal van doodskaduwee.*" *Tenebrae* is die Latynse naam vir Stil Saterdag. Dis die dag na Jesus begrawe is en die dag voordat Hy sou opstaan uit die dood. In sommige Christelike tradisies word met Lydensweek 'n *Tenebrae*-erediens, met 'n somber atmosfeer gehou. Die diens eindig met 'n enkele kers wat aan die einde doodgeblaas word. Die gemeente verlaat die kerkgebou in donkerte en stilte. Dis 'n rou-dag. Het jy al so erediens bygewoon? Vertel van jou ervaring daarvan.
- "*In die dooie, stil tye vind die meeste groei plaas*". Sien jy hierdie in die teksgedeelte gebeur? Verduidelik.



- In die teksgedeelte ontmoet ons vir Nicodemus (dieselfde een in Johannes 7:50) en Josef van Arimatea, twee Joodse leiers, vir wie Jesus se begrafnis nuwe lewensrigting beteken het. Hulle was albei geheime navolgers van Jesus terwyl Hy gelewe het. Hulle het nie die moed gehad om alles in die stryd te werp om Hom te volg nie. Met Jesus se dood het dinge egter verander. Met hulle hantering van Jesus se lyk, het hulle die Joodse reinheidswette oortree. Dit het impliseer dat hulle die Pasgaveringe sou misloop. Vir enige Jood sou dit ondenkbaar wees, maar hulle kies steeds om dit te doen.
- Mirre en aalwyn is gebruik om lyke mee te behandel sodat dit nie begin sleg ruik soos die ontbindingprosesse begin nie. Nicodemus het 'n baie groot hoeveelheid daarvan saamgebring na Jesus se graf toe – baie meer as wat nodig was. Hoekom dink jy het Nicodemus so baie saamgebring? Hoe dink jy stem dit ooreen met die verhaal van die vrou wat Jesus se voete met die duur parfuim-olie gesalf het en hoekom?
- Wat dink jy is die betekenis daarvan dat Josef vir Jesus in 'n nuwe graf neergelê het, in plaas van 'n familiegraf, soos dit die gebruik van daardie tyd was?


Deel:

- *"Ons moet deur die dag van dood om by (opstanding) Sondag uit te kom."* Was daar al tye in jou lewe wat dit vir jou soos dood gevoel het? Vertel hoe jy deur daardie tyd gekom het of geleer het om daarmee saam te leef.
- *"Jesus wie se dood na niks ruik, nooi ons om nie so teen die dood te baklei nie... ewige lewe lê immers anderkant die donker."* Hoe baklei ons teen die dood in ons alledaagse lewe? Hoekom werk dit nie om teen die dood en donker te baklei nie?
- *"Liminale spasies is tussen die oue wat verby is, en die nuwe wat nog moet kom."* Jesus se dood wat na niks ruik nie, was 'n liminale spasie, 'n wag-en-sien tyd. Is jy gemaklik met wag-en-sien tye? Verduidelik.
- *"2020 was so jaar...dit was nie lekker nie, maar dit was goed."* As jy terugkyk oor 2020, kan jy sien dat die oënskoulike dooie/niks tyd, goed was? Kan jy groei in jouself en die mense om jou raaksien?

Wandel

Wandel self:

- Neem 'n skermgreep van hierdie week se icon en verstel dit as jou selfoon se agtergrond.
- Dra die dooie en wag-en-sien situasies in jou eie lewe aan die Here op. Bid dat Hy jou sal instaatstel om die lewe na die donker en dood te kan begin raaksien



Wandel saam:

- Vertel vir mekaar van julle ervarings met die vorige week se herinnerings-icon. Hoe het dit gehelp om die week se tema te onthou?
- Gesels met mekaar oor hoe julle die komende Paasfees gaan vier. Is daar mense wat julle na jul tafel toe kan nooi? Mense wat dalk onwelkom is by ander se tafels?
- Hoe kan julle as groep mekaar ondersteun met elkeen se dooie en wag-en-sien situasies?
- Kyk terug oor die afgelope 40 dae se saamreis. Wat was julle hoogtepunt?

Bid

- Laat een persoon julle gebedsversoeke neerskryf en WhatsApp dit dan vir die groep.
- Bid vir mekaar.
- Jy kan ook die volgende asemhalingsgebed deur die week gebruik , nie net is dit 'n gebed nie, maar help mens ook om te ontspan in spanningsvolle tye en net voor jy gaan slaap:

*Terwyl jy inasem, bid: Christus Here, U was dood en leef weer.
Terwyl jy uitasem, bid: Lei my, Heilige Gees, om lewe te spreek.*

